# HEDENDAAGSE KRISISPUNTE IN DIE TEOLOGIE *

*deur*

PROF. B. J. ENGELBRECHT

## I. INLEIDING.

Kritiek teenoor 'n bepaalde godsdiens (hetsy vanuit daardie godsdiens self, hetsy van buite af) en die krisis wat uit sodanige kritieke ontstaan, is in die geskiedenis van die godsdienste baie bekend. Dit is o.a. ook te vinde in die Ou Testament, in die Nuwe Testament én in die Geskiedenis van die Christendom.

So is sekere gedeeltes van die Ou-Testamentiese profete felle kritiek op die bestaande gevestigde kultiese godsdiens van Israel en 'n oproep tot vernuwing.

Die Christendom self het hom gesien as die legitieme vervulling van die Godsopenbaring van die Ou Testament, maar die religieuse leiers en baie Jode uit die volk, het aangevoel dat dit hier om 'n krisis in die Godsdiens gaan. 'n Mens moet hier duidelik onderskei tussen die Godsopenbaring en wat die mense van hierdie Openbaring gemaak het as antwoord op hierdie Openbaring, nl. die Godsdiens. In Sy felle kritiek teenoor die legalistiese teologie en religie van bv. die Fariseërs, kritiseer Jesus nie die Godsopenbaring nie, maar wel die bestaande Godsdiens.

'n Sekere aspek van Paulus se verkondiging en teologie is ongetwyfeld ook 'n kritiese korreksie vanuit die koms van Jesus Christus op die figuur en die implikasies van die Wet in die Godsdiens van Israel.

Hierdie onderskeiding tussen Godsopenbaring en Godsdiens is belangrik omdat baie van die moderne kritiek teen die Christendom meen dat dit slegs die Godsdiens raak en nie die Godsopenbaring nie.

In elk geval, deur die aanname van Jesus Christus as die finale en genoegsame openbaring van die één enigste God en deur die geloof in Jesus Christus as die enigste Middelaar en

---

* Lesing gehou voor die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns op 16 Junie 1967, gepubliseer met vergunning van die Akademie. Die lesing word ook gepubliseer in Standpunte.

Verlosser, is die Christendom self die felste kritiek teenoor alle nie-christelike religiositeit en Godsdiens. In hierdie sin kan die Christendom beskryf word as die grootste exorsis in die gedenis. Deur die helder lig en skerp swaard van die evangeliese Woord het die Christendom as 't ware alle ander gode en demone verdryf, die hemel en die hele aarde totaal ontvolk van ander gode, en die mens van sy beleëring deur (en besetenheid van) hierdie gode en demone verlos.

En nou is hierdie saak belangrik, omdat in die hedendaagse kritiek op die Christendom die vraag gestel word of die Christendom se legitieme voortsetting nie daarin bestaan dat dit ook die wêreld moet suiwer van die Christelike religiositeit, „demone" en „gode" nie. By Harvey E. Cox is een van die hoofwoorde bv. exorsisme.

Ek glo nie dat dit enige doel sal dien om in die dogmengeskiedenis van die kerk baie meer momente van krisis aan te dui waar die bestaan al dan nie van die Christendom op die spel was. Ons dink hier bv. aan die sg. „Christologiese Stryd" wat eeue lank geduur het.

Belangrik in ons verband is egter die Kerkhervorming. Wat ookal die gronde, aard en doelstellings van die Kerkhervorming was, één ding is duidelik dat dit 'n krisis in die kerk, geskiedenis en kultuur teweeg gebring het, waarvan die gevolge vandag nog na vier-en-'n halwe-eeu, voelbaar en werksaam is.

Een van die karaktertrekke van die Kerkhervorming is dat dit 'n geweldige reduksie tot stand gebring het. Bloot die woord „Her-vorm" beteken dat dit weer die oorspronklike Bybelse vorm en inhoud wil herstel. In feite beteken dit die negasie van elf of meer eeue van tradisie van kerk- en kultuurgeskiedenis. Eintlik staan die saak nog radikaler. Die oorspronklike inhoud en vorm is alleen in die Skrif gegee **(Sola Scriptura).** Die formele beginsel van die Kerkhervorming is dat die Skrif alleen die enigste bron én norm vir ons geloof en lewe-uit-die-geloof is. Op sy minste beteken dit 'n kritiek op die hele geskiedenis van die Christendom en in feite beteken dit die verwerping van baie eeue daarvan. Maar dat die Skrif alleen die bron en norm van ons geloof én lewe is, het nie net hierdie historiese reduksie tot gevolg nie; dit sny ook die tradisie, die menslike rede, religieuse aanleg, gevoel e.s.m. af as bronne en norme van ons geloof èn lewe. Wat hierdie geweldige reduksie (en ook die reduksie wat teweeg gebring word deur die ander twee stelreëls dat ons uit genade alleen deur die geloof alleen gered word sonder enige

verdienste van ons kant) — wat hierdie geweldige reduksie beteken vir die Kerk en Kerklike lewe, vir die mens, die menslike lewe en vir die mens se fundamentele beskouing oor homself, vir die geskiedenis én die kultuur — dit kan ons nie hier nader uitwerk nie. Dit is in ons verband miskien genoeg om te sê dat een van die groot figure van die Nuwe Teologie, biskop John A. T. Robinson, een van sy nuutste werke noem : „The New Reformation?" en dat talle figure uit „Die Nuwe Teologie" meen dat hulle die basiese struktuur en „beginsels" van die Kerkhervorming in ons huidige tyd voortsit. 'n Mindere figuur in die konstellasie van die Nuwe Teologie wat vanweë sy nuwe teologiese visies as biskop van die Episkopaalse Kerk bedank het, noem sy teologie ook „reducionist theologizing" en meen dat hy daardeur 'n egte reformatoriese motief voortsit. Hierby moet nog in aanmerking geneem word dat die materiële beginsel van Reformasie die afwysing is van die verafgoding (of verabsolutering) van enige geskape werklikheid. Die geskape werklikhede in die Rooms-katolieke Kerk wat volgens die visie van die Protestantisme verabsoluteer en dus verafgod is, was o.a. die Kerklike instituut, die Kerklike gesag en gesagsdraers, bv. die pous, die kerklike dogma; die hele kerklike lewe is hierdeur ook ontvolk van baie heiliges.

## II. **Die Kritiek van die Marxisme-Leninisme.**

Voordat ek die Nuwe Teologie met u sketsmatig behandel, wil ek egter eers daarop wys dat die mees radikale kritiek teenoor die Christendom in die negentiende eeu gekom het vanuit die Marxisme-Leninisme. Hierdie kritiek is belangrik, eerstens omdat dit in die Ooste (bv. in Rusland en Wesduitsland) nie net die bestaande Christendom onderdruk het en nog onderdruk nie, maar omdat dit veral by die jeug in hulle duisendtalle die plek van die Christendom inneem. Tweedens is dit belangrik omdat dit die sendingveld van die Christendom beperk en derdens is dit belangrik omdat dit verwantskap het met Die Nuwe Teologie.

Die Marxisme-Leninisme gaan daarvan uit dat die enigste werklikheid wat bestaan, stof en krag is; dit is die enigste ervaarbare en dus kontroleerbare werklikheid en daarom die enigste na aanleiding waarvan 'n mens wetenskaplik-sinvolle uitsprake kan maak. Die gees en sg. geestesaktiwiteite, geestesskeppinge en geestelike waardes is slegs newe-verskynsels van stof en krag. Dit is uit die geskiedenis (so sê die Marxisme) maklik te bewys, want as die stoflike omstandighede (d.w.s. die ekonomiese verhoudinge )verander, dan ook die moraal, idees, denkpatrone,

m.a.w. die gees, die geestesskeppinge en geestesuitinge. Kortom: Die hele menslike lewe en geskiedenis, sy samelewing, denke, kuns, kultuur, moraal, regstelsel e.s.m. is uitsluitlik die produk van die basis van die menslike lewe, nl. die ekonomiese verhoudinge.

In die kapitalisme (wat met enkele uitsonderinge implisiet en eksplisiet eintlik die hele wêreldgeskiedenis bepaal het) is hierdie stoflike d.w.s. ekonomiese verhoudings soos volg: Die weinige kapitaliste besit en beheer die produksiemiddele, nl. bodem, grondstowwe, kapitaal en industrie en hulle bepaal die heersende idees, die reg en regstelsel, die moraal, godsdiens, kuns, kultuur e.s.m., kortom hulle regeer, beveilig hulle posisie en bepaal die totale geskiedenis. Die getalsterke arbeiders wat deur die kapitaliste bewustelik regteloos, kultuurloos, geskiedenisloos en arm gehou word, verkoop hulle arbeid aan die kapitalistiese heersers en onderdrukkers teen 'n appel en 'n ei terwyl die kapitaliste hulle vet vreet aan kaste appels en dosyne eiers wat die werkers en die werkers alleen verdien het. Dit voer noodwendig tot klassehaat en stryd. Maar sodat die situasie nie ontplof en die kapitaliste daardeur uit hulle heerlike posisie gelig word nie, tref die kapitaliste voorsorg bv. deur die staat, regstelsel, polisie, leër e.s.m. om hulle posisie te beveilig. Buitendien het hulle om hierdie onderdrukte massas soet te hou, God, die Godsdiens en die Kerk uitgevind. God is 'n metafisiese grootheid, 'n fantasiebeeld van Een wat sal sorg dat reg ééndag in die Hiernamaals wel sal geskied en dat almal ééndag tog gelyk sal wees en gelyke heerlikheid sal geniet. God en die Godsdiens, en veral die Hiernamaals, is 'n bewuste skepping van die Kapitaliste maar in werklikheid is dit niks ander as „a pie in the sky when you die". Dit is in hierdie sin dat Marx in 1844 sy bekende spreuk opgestel het, dat godsdiens opium vir die volk is. Vroeër het die mense nog dié dinge geglo, want in hulle primitiewe denke het hulle God as 'n hipotese gebruik om die wêreld te verklaar en hulle te midde van natuurkragte veilig te oriënteer. Maar namate die wetenskap (vir wie stof en krag, eksperiment en verifikasie die hoofwoorde is) — namate die wetenskap gevorder het, het hierdie hipotese oorbodig geword. Geloof is net 'n belydenis dat ons nog nie weet nie, en God is net 'n verklarende faktor om ons enigermate in ons onkunde tog te oriënteer te midde van die natuurkragte. Maar die helder lig van die wetenskap verdryf hierdie skimme en demone en illusies. Daarom van die Instituut van Marxisme-Leninisme in ons dag die volgende oproep: „Die Party herinner ons gedurigdat ons wetenskaplike ateïstiese propagande gebou moet wees

op die populêre uiteensetting van die prestasies van die sterrekunde, biologie, fisiologie, fisika, chemie e.a. wetenskappe wat bewys lewer van die materialistiese visie op die natuur en maatskappy".

Samevattend kan ons stel dat ons hier 'n volkome negasie het van alle godsdiens, ook van veral die Christendom. Lenin het gesê : „Die materialisme is absoluut ateïsties en onverbiddelik vyandig teenoor alle godsdiens wat niks anders as bygeloof is en instrumente om uitbuiting te verdedig en die werkersklas te verslaaf nie".

Ons het vroeër gepraat van 'n reduksie, maar hier het ons 'n geweldige reduksie. Basis van hierdie reduksie is dat alleen die wetenskaplike bewysbare dinge (stof, krag) werklik en waar is. Op hierdie basis word nie net God en die Godsdiens in die moderne lewe uitgesluit nie, maar ook volkome verklaar en wegverklaar. Buitendien is hier ook, wat die ganse lewe betref 'n reduksie want vanuit genoemde basis word die mens, sy kuns, kultuur en hele geskiedenis gesien en verklaar.

Ons het hier 'n totale en totalitêre alles-omvattende wêreldbeeld, of soos Lenin gesê het:„Die Marxistiese leer is almagtig, omdat dit (wetenskaplik) waar is. Dit is volkome harmonieus en gee aan die mens 'n integrale wêreldbeeld".

En nou is hierdie Marxistiese aanval op die Christendom om verskillende redes belangrik:

Eerstens: Soos ons alreeds aangetoon het: Die Nuwe Teologie praat ook van 'n reduksie en by sommige is die grond van so 'n reduksie ook die ervaarbare en verifieerbare werklikheid. Sommige erken selfverwantskap met die Marxistiese struktuur. Die vraag is nou: Is die Nuwe Teologie 'n reduksie in die sin van die Kerkhervorming of 'n reduksie wat uit ander motiewe voortspruit sodat die Nuwe Teologie in die laaste geval nié aanspraak daarop kan maak dat dit die kerkhervorming voortsit en dus „A New Reformation" is nie.

### III. **Die „Social Gospel".**

Tweedens is hierdie Marxistiese aanval op die Christendom belangrik omdat 'n groot deel van die Kerk hierop geantwoord het met die sg. Social Gospel. Die Kerk het partykeer onafhanklik gereageer op die sosiale vraagstukke wat vanaf en deur die industriële rewolusie ontstaan het. Maar toe die Marxisme-Leninisme 'n alles omvattende sistematiese antwoord op hierdie

vrae gee en die kerk buitendien in hierdie antwoord geen plek kry nie, het die Kerk van sy kant probeer om netso 'n omvattende antwoord op hierdie vrae te gee wat in elk geval volgens die Social Gospel Christeliker en mensliker en meer in ooreenstemming met die tradisie van die westerse kultuur is.

In die protestantse kringe is probeer om vas te hou aan die Bybel as grond vir hierdie antwoord. Die probleem was dat die Bybel vir eeue gesien is as 'n hoofsaaklik religieuse boek wat ons vertel van die hoë, heilige en gans andere God en ons oproep tot die nederige aanbidding, geloof, vertroue, godsdiens en vroomheid voor die Alhoë. Hierdie situasie, sê Rauschenbusch, een van die grondleggers en grootmeesters van die Social Gospel (bv. sy Christianity in Social Crisis), is te verstane, want die Bybel is altyd geïnterpreteer deur gegoede mense wat geen ekonomiese nood beleef het nie, maar behoefte aan mistiese wêreldontvlugting gehad het. Die taak was nou om die Bybel te herinterpreteer — met ander oë te lees. Die instrument vir hierdie herinterpretasie was voorhande nl. die sg. Bybelkritiek en teologiese visie van die sg. Liberale Teologie. Indien ons die Ou Testament mooi lees, sê die Social Gospel, dan sien ons dat dit altyd daarin gaan oor die sosiale eenheid, bv. familie, stam en later, vir eeue, oor die volk Israel. En watter groot rol speel die sosiaal-ekonomiese faktor van die uittog uit slawerny en later die beloofde land nie in die geskiedenisse van die Ou Testament nie? Noukeurig gesien is ook God nou verbonde met hierdie sosiaal-ekonomiese faktore. Hy is die God van sosiale eenhede en die God van die land, want in 'n vreemde land, bv. by die riviere van Babel, kan Israel Hom nie dien nie. Trouens die land behoort aan Hom, die nasionale God.

Maar nou moet ons in aanmerking neem dat die primitiewe volke, soos Israel, die wêreld beleef in primitiewe terme, kategorieë. As die Bybel dus sê die land en al hulle besittings behoort aan God, dan moet ons in aanmerking neem dat Hy 'n nasionale God is, d.w.s. dit is 'n ander manier om te sê die land en alle besittings behoort aan die volk. Hier leer die Bybel, sê Rauschenbusch, „a primitive communism in land". In die Ou Testament is geregtigheid die hoofwoord, maar dan nie in religieuse sin nie, maar in die prakties-politieke sin van gelykberegtiging, ook wat besit van die land betref, deur alle lede van die volk. Die priesters wat 'n gegoede stand was, het die hele geskiedenis van Israel én die Wet verkeerd gaan sien toe hulle dit religieus gaan interpreteer het. Daarom die profetiese kritiek, wat nie kultus nie, maar geregtigheid, sosiale geregtigheid in die Naam van God

verkondig. „In die Naam van God" beteken nie dat „God" werklik bestaan nie, maar volgens die primitiewe denkwyse beteken dit dat al hierdie uitsprake, bv. ook die Wet, met bo-individuele, d.w.s. met transcendente sosiale gesag beklee word. Neem bv. die Sabbatsgebod wat die priesterklas tot 'n kulties-religieuse Goddelike gebod vervorm het. Volgens Ex. 20 én Deutr. 5 is dit 'n sosiale gebod. Dit het duidelik te doen met arbeid en rus, met sosiale verhoudinge (werkgewer en werknemer en selfs trekdiere) en word in Deuteronomium spesifiek verbind met die sosiaal-ekonomiese gebeurtenis van die uittog, d.w.s. met die probleem van slawerny. Die eintlike vervulling van hierdie gebod sien Rauschenbusch nie in die kerkgang en aanbidding nie, maar in die „Early Closing Movement" en in die „Eight hour Workday" En dit help nie om te sê dat God dit gegee het en dat dit daarom religieus is nie, want dat God dit gegee het is 'n primitiewe manier om te sê dat hierdie gebod bowe-individueel is.

Daar is natuurlik in die Ou Testament ook werklik religieuse uitsprake, maar dit sien Rauschenbusch as „the most decadent phase of Hebrew thought". Uit hierdie laasgenoemde uitspraak is dit ook duidelik dat die Bybel (vir Rauschenbusch altans) nie 'n geïnspireerde boek is in die tradisionele, ortodokse sin van die woord nie. Dit is neerslag van „Hebrew thought" en mag wel in dié sin as geïnspireerd beskou word dat hierdie klein volkie in sy eeuelange politieke en sosiale worstelstryd met die groot en magtige volke wel die lig ontvang het om soos geen ander die geregtigheid en sosiale verhoudinge suiwer te sien. In hierdie sin is die Ou Testament geïnspireeerd omdat sy geskiedenis inspirerend is; is die geskiedenis van Israel tipologies, eskatologies en goddelik omdat dit die groot en suiwer voorbeeld is wat sin en betekenis gehad het vir eeue, dit ook vir vandag het én in die toekoms sal hê.

Met die Nuwe Testament is dit nie veel anders gesteld nie. Dit is neerslag van die visies en insigte van die oer-christelike gemeente en bewussyn maar is duidelik literêr en inhoudelik deur baie jare heen bewerk en geredaksioneer. Eintlik het die Nuwe Testament alreeds die boodskap van Jesus begin vergrieks. Die Nuwe Testament en die latere Kerk het wel altyd die waaragtige regverdige mensheid van Jesus van Nasaret ingesien, maar in 'n grieks-metafisiese sin verkeerd geïnterpreteer deur te stel dat Hy mens moes word om ons, mense, voor God te verlos. Die fout het alreeds in die nuwe Testament ontstaan toe die Hebreeuse „Messias" met die woord „Christus" vertaal is en rondom dié woord allerlei metafisiese en religieuse terme ont-

staan het soos Seun van God, Woord, Eenswesens met die Vader e.s.m. soos die Christologiese stryd duidelik aantoon. Dit het gelei tot 'n metafisiese leer én tot religieuse diens, aanbidding, hiernamaalsverwagting, e.s.m. Maar „Messias" het nie oorspronklik „Christus" in hierdie sin beteken nie. Johannes die Doper het Hom as Messias reg verkondig. Johannes was Sy wegbereider en sê dat die Koninkryk van die Hemele naby gekom het. Dit is egter nie religieus bedoel nie, want in dieselfde asem sê hy dat hulle vrugte moet dra wat by die bekering pas. Wat is hierdie koninkryk en hierdie bekering? Daarop gee Lukas 3 vers 10-14 (sê Rauschenbusch) duidelik antwoord: „En die skare het hom (Johannes) gevra en gesê: Wat moet ons dan doen? En hy antwoord en sê vir hulle: Wie twee kledingstukke het, moet meedeel aan hom wat nie het nie; en wie voedsel het, moet dieselfde doen. En tollenaars het ook gekom om gedoop te word, en vir hom gesê: Meester, wat moet ons doen? En hy antwoord hulle: Moenie meer invorder as wat julle voorgeskrywe is nie. En die soldate het hom ook gevra en gesê: En ons, wat moet ons doen? En hy sê vir hulle: Julle moet niemand geweld aandoen of iets afpers nie; en wees tevrede met julle soldy".

Dit is waar dat Jesus aanvanklik ook geval het in die slaggate van die Ou-testamentiese religiositeit. Met gebruikmaking van die figuur van die Messiasbewussyn van die Liberale Teologie gee die Social Gospel hierop die volgende antwoord: Jesus wat bloot 'n mens was met 'n hoë sedelike standaard en integriteit, het geleidelik toegeneem in kennis en sy Messiaanse bewussyn het stadigaan gegroei, totdat hy die religiositeit afgelê het en Sy taak suiwer gesien het. Op hierdie wyse het Hy die hoogste Sosiale Hervormer en Prediker van geregtigheid van alle tye geword wat nie net hierdie ideale verkondig het nie, maar ook uitgeleef het (bv. in Sy stryd teen siekte, armoede, ellende) en met Sy dood beseël het. Sulke dinge soos die wonders het nie werklik gebeur nie, maar is primitiewe terme om groot sosiaaletiese waarhede te onderstreep, en uit te druk. Opstanding en Hemelvaart is ook sodanige terme om die verantwoordelikheid van komende geslagte om hierdie boodskap uit te dra, te beklemtoon.

Ek wil nie verder op hierdie antwoord van die Social Gospel ingaan nie, maar konstateer slegs dat deur die sterk invloed van die Engels-Amerikaanse Teologie, die Wêreldraad van Kerke miskien nie die hele sisteem van die Social Gospel oorgeneem het nie, maar dan tog groot motiewe en brokstukke tot integrale deel van sy denke en optrede gemaak het. Op die Cottesloe-

beraad was ons Kerke van aangesig tot aangesig hiermee gekonfronteer. Elders („Christendom teen Kommunisme" 1964 bls. 24-55) het ek hierdie saak breedvoerig behandel, maar tog wil ek hier stel, dat hierdie teologie die antwoord van 'n groot deel van die Christendom oor die hele aarde geword het en dat die praktiese „krisis" waarin ons teologie vandag in Suid-Afrika staan, vir 'n groot deel hieruit voortvloei. Dit is te verwagte dat vanuit die klimaat rondom die Wêreldraad daar ook teologiese werke sou voortvloei. Ons wil nie beweer dat die hele Nuwe Teologie sonder meer produk is van die Wêreldraad van Kerke nie, maar ons wil wel stel dat daar geweldig baie raakpunte bestaan en dat albei in 'n sekere sin voortvloei uit 'n sekere manier van konfrontasie met die moderne mens en moderne situasie.

IV. **Die Nuwe Teologie**.

Die beste oorsig oor die „theologie nouvelle" wat aan my bekend is, is dié van dr. J. Sperna Weiland, **Orientatie,** 1966. Hoewel prof. Sperna Weiland sterk simpatie met hierdie rigting het en dit gedurigdeur laat blyk, is sy weergawe saaklik korrek, terwyl die literatuuropgawe baie bruikbaar is, veral met die oog op verdere studie van dié onderwerp.

Die grondleggers waarna die skrywers van Die Nuwe Teologie gedurigdeur teruggryp en wat in 'n sekere sin ook integrale deel van Die Nuwe Teologie is, is: Dietrich Bonhoeffer, Rudolf Bultmann en Paul Tillich. Die verdere figure is J. A. T. Robinson, Paul van Buren, Carl Michalson, Gibson Winter, Harvey E. Cox, William Hamilton, J. J. Altizer en Dorothee Sölle. Geleerdes wat veral aan die hermeneutiese probleem werk, is Gerhardt Ebeling, Ernst Fuchs, Heinrich Ott en James M. Robinson, terwyl in die toepassing van die „linguistic analysis" op die teologie na Ian T. Ramsey verwys kan word en ook na die boek van Frederick Ferré, „Language, Logic and God".

Wat die Nuwe Teologie betref, kan ons sê dat die één motief wat alles oorheers die groot erns is wat almal in hierdie rigting maak met die moderne mens en sy lewensbeskouing of lewenshouding.

Die „ou tyd", die mens van die verlede en sy beskouing word met verskillende terme beskrywe. Bultmann sê dat daardie beskouing gekwalifiseer kan word as „mitologies". Bonhoeffer gebruik die term „onmondigheid", en „religieus". Tillich sê dat dit „supranaturalisties" is, terwyl Heidegger dit kwalifiseer as „metafisies". Dit beteken dat in die ou tyd hierdie wêreld nie as die

eintlike werklikheid gesien is nie. Dit was oop-na-bo. Die eintlike werklikheid was Hy daarbo (nl. God) of daarginds (in die hemel) of ewig (die hiernamaals). Supranaturalistiese (ook genoem: metafisiese of mitologiese) magte (God, die engele, Satan, die demone) het in hierdie wêreld (in die natuur en geskiedenis) ingegryp en die eintlike gang van alles, ook van die mens en sy geskiedenis, bepaal. In sy openheid na bo, was in hierdie wêreld wondere moontlik. In die ortodokse kerklike leer vind ons die volgende: Daar is 'n God wat daadwerklik en fisies ingryp in die natuur en geskiedenis en sorg (en sál sorg) dat alles sal regkom, hier of in die hiernamaals. Daarom dien ons Hom ook en bid ons tot Hom bv. vir ons eie gesondheid, vir reën, vir redding en uitkoms in ons lewe, in die lewe van ons volk, vir vrede in die wêreld.

„Die Nuwe Teologie" sê dat hierdie religieuse, metafisiese of mitologiese wêreldbeeld en hierdie visie op die mens eens- en-vir-altyd verby is: Natuurlik is daar nog moderne wetenskaplike mense wat óók hierdie dinge glo, behalwe dat hulle moderne mense is, maar Anthony Flew sê dat dit alleen moontlik is deur „double-think". 'n Wetenskaplik-opgeleide bourekenaar of statistikus koop in Spanje 'n stukkie hout — deel van Christus se kruis, sê hulle. 'n Eenvoudige berekening sou aantoon dat wat as stukkies kruishout verkoop is, honderde tonne weeg en statisties is die kanse nul dat hy ooit van die kruis sou koop. En tog koop hy deur „double-think".

Maar afgesien van „double-think" is hierdie wêreldbeeld wat oop is vir daadwerklike ingrype deur supranaturalistiese (metafisiese of mitologiese) magte, eens-en-vir-altyd verby en daar bestaan geen weg tot terugkeer nie. Gogarten e.a. sien selfs hierdie sekularisasie as die gevolg van die evangelie en die herontdekking van die evangelie en evangeliese geloof deur die Kerkhervorming wat die mens bevry van die magte tot eie historiese verantwoordelikheid.

Die gronde vir hierdie ou wêreldbeeld se ondergang is die feite van die moderne wetenskap en filosofie. Moderne wetenskap en filosofie beteken finale afskeid van die supranaturalisme, mitologie en metafisika. Vra ons wetenskaplik en filosofies (in die sin van die linguistic analysis) waar kom hierdie geborge wêreldbeeld van die religie vandaan, waarin God die mens te woord sal staan, sal sorg vir brood, hom sal vergewe en as die dood kom die hemel en ewige lewe sal skenk, dan kom die antwoord: Uit ongekontroleerde, onkontroleerbare en onverifieerbare tradisie. Ouers en kerkmense vertel hierdie dinge aan hulle kinders, nl.

dat hierdie dinge werklik bestaan, inderdaad **is.** Maar hulle steun op onkontroleerbare ervarings, menings, vooroordele e.s.m. van Bybelskrywers. En hierdie dinge, asook mitologiese beeldspraak, word dan as werklikhede, as **feite** aangebied.

Die linguistic analysis bou voort op die Wiener Kreiss en die logiese empirisisme. Daarvolgens is alle etiese en metafisiese (d.w.s. ook religieuse en teologiese) uitsprake sinloos, nonsensical, omdat die waarheid of onwaarheid daarvan nie vasgestel, geverifiëer of gefalsitiëer kan word nie. Ayer sê in hierdie verband t.o.v. die teologie: „Die teïs glo dat ons ervaring egte kennis oplewer. Kennis is egter proposisies wat hulle empiries laat verifiëer en bygevolg is die religieuse kennis of ervaring slegs bron vir die psigiater".

Die Nuwe Teologie sê dat ons nou maar eenmaal die feite van die wetenskap en hierdie wetenskaplike filosofiese visie moet aanvaar en die teïsme (soos hierbo beskryf) moet laat vaar.

Op die oog af lyk dit dat indien ons God, die skepping, Gods Voorsienigheid en Ingrype, die Versoening uit sonde, die Hiernamaals (wederkoms, hel, hemel en ewige lewe) laat vaar, daar dan niks oorbly nie. Maar, sê die Nuwe Teologie: Ons moet òf hierdie sg. heilsfeite aanvaar en dan in die lig van die moderne wetenskap en filosofie én in die lig van die moderne mens se lewensvisie, alles verloor, òf ons moet „hervorm", d.w.s. die evangeliese boodskap in die lig van die moderne wetenskap en wysbegeerte herïnterpreteer om ten minste „die essensie" te behou. Hulle wil dus veg vir die behoud van die Christelike geloof en Christendom, al sou hierdie groothede ook heeltemal anders daar uitsien as wat ons daaraan op naïef-realistiese gronde en wyse gewoond is.

Die moderne mens, so sê „Die Nuwe Teologie" het mondig geword (Bonhoeffer) en Carl Michalson praat in The Rationality of Faith van „maturity". Mondigheid beteken sekularisasie, d.w.s. die wêreld is selfstandig d.w.s. daar is geen „Hinterwelt" en „ends beyond history" (Michalson), en geslote, d.w.s. is 'n ononderbroke ketting van oorsaak en gevolg waarin geen metafisiese, supranaturalistiese magte daadwerklik ingryp nie (Bultmann, Tillich). Bonhoeffer sê: Die moderne mens het volkome Godloos en niereligieus geword en Charles West definieer hierdie sekularisasie van die moderne mens as die onttrekking van alle terreine van die lewe en denke aan die religie d.w.s. van die eksterne metafisiese gesag en oorheersing (bv. die Kerk, die Pous, die Skrif of God) om hierdie terreine te verstaan en daarin te leef **in hulle**

**eie terme,** in terme van wat hulleself is. Harvey E. Cox praat van „pragmatism" en „profanity". „Profanity" beteken dat die hele wêreld uitgesuiwer is van metafisiese magte (God, die engele, ingryping) en „pragmatism" beteken dat die sake self, in hulle eie reg (los van God en die Godsdiens) ter sprake moet kom.

En nou, sê Die Nuwe Teologie, moet ons hierdie mondige. nie-religieuse, pragmatiese en wetenskaplike mens ten volle aanvaar en ernstig neem.

Die vraag is nou: Wat bly van die Bybel en die Christendom oor? Wat is dit wat Die Nuwe Teologie wil red?

Die antwoord is: Die ou interpretasie van die Bybel moet verval en bygevolg ook die ou Christendom. Maar die hele Bybel as sodanig bly nog oor: Dit moet net nuut geïnterpreteer word in die lig van die nuwe menslike situasie en op hierdie wyse sal 'n nuwe Christendom ontstaan, „desnoods sonder religie". (Bonhoeffer).

Hierdie Nuwe interpretasie verloop bv. soos volg :

**Paul Tillich** sê dat indien 'n mens na die moderne mens in die literatuur, psigologie, kuns, filosofie en kultuur luister, dan vind jy dat hy leef in 'n grondsituasie van „ambiguity" van selfvervreemding en vervallenheid aan die wêreld en dat die moed om te bestaan, hom ontbreek. Vanuit hierdie grondsituasie stel die moderne mens duisende vrae, vrae oor sy bestaansnood. En nou is Tillich oortuig dat die gebeure waaruit die Christendom ontstaan het, en die geloofssimbole betekenis het vir die moderne menslike situasie van „vra" uit „ambiguity". Dit is nie so dat die Christendom antwoorde het en die moderne mens net vra en die Christendom sal kan antwoord nie. Feit is egter dat die mens vra, en dan gaan soek hy in die Christendom. Miskien vind hy niks, maar as hy die geloofssimbole interpreteer, dan kan hy wel antwoord kry. Dan kan hy daar iets kry wat as „Ultimate Reality" en „New Being" sin aan sy bestaan en **courage to be** skenk. Dit voeg niks by die mens se bestaande kennis nie, maar voer slegs tot **Existenzerhellung** en wat hy vind as „Ultimate Reality" is nou nie meer 'n bowcaardse God nie, maar net 'n sin vir sy syn.

**Rudolf Bultmann** sê die Bybel is geen verslag van 'n kwantum leerstellings of denkinhoude wat jy moet aanneem of verwerp nie. Dit was die fout van die ortodokse Christendom wat sekere mitologiese beeldspraak as feite aangedien het, as **credenda.** Bultmann sê dat hy nie 'n restorasieteologie voorstaan wat net

die Bybel met sy Entmythologisierung wil opknap om net sekere struikelblokke uit die weg te ruim om die Bybel enigermate vir die moderne mens aanneembaar te maak nie.

Die Bybel is 'n verslag van 'n worsteling om **Selbstverständnis** en **Existenzerhellung.** „Geloof" is nie wat die ortodokse Christendom meen, om 'n kwantum **credenda** aan te neem nie, maar is Existensiële Beslissing. Die existensiale interpretasie van die Bybel beskryf sonde as die vervallenheid van die mens aan die sigbare, tasbare, werklikheid, das Verfügbare, das Vorhandene. Die mens word 'n ding. Dit lei tot sorge en angs en in die angs wil die mens homself vashou, wetende egter dat alles en ook die lewe hom ontgaan en dit lei in 'n bose kringloop tot verdere vervreemding van homself en van die Lewe. (Die Bybel noem hierdie situasie wet, sonde, dood). As 'n mens in die omgang met die Bybel as boek van Existenzerhellung tot 'n Existensiële beslissing kom, dan sien jy af van die krampagtige soek van jouself, en van die Verfügbare, Vorhandene. Dan word jy vry, vry vir jou medemens en vry vir die toekoms en dan leef jy uit die unverfügbare grond. Die unverfügbare is natuurlik nie 'n begrip soos in die tradisionele Christendom van 'n hoë God buite hierdie wêreld, wat in hierdie wêreld ingryp nie. Bultmann sê dit is 'n „eskatologiese" begrip, d.w.s. dit ontgaan ons vatvermoë. In hierdie sin word die mens „verlos" nie deur 'n Mag (bv. God) wat in die wêreld intree of ingryp nie, maar **in** hierdie geslote wêreld vind die opheldering van ons bestaan plaas in die ontmoeting met die **kerugma** (boodskap). In hierdie geslote wêreld vind geen wonders plaas in die tradisionele sin van die woord nie, maar **kerugma** beteken dat 'n woord ons aanspreek en oproep tot eksistensiële beslissing. In hierdie **kerugma** is daar nie heils-**feite** nie, maar geloofs-**tekens.** Die „kruis" be-**teken** dat ons ons kruis opneem en sodoende afskeid neem van ons vervallenheid aan die „Dingwelt" (die Bybel sê: „die ou wêreld") én dat ons ons lewe verloor aan die „Unverfügbare" en so „die Lewe" vind. Hierdie „Lewe" is niet „Iets daarbo" (God) of iets daarginds (hemel) of iets hierna (hiernamaals) nie, maar is die verheldering van ons bestaan hier-en-nou in die eksistensiële beslissing. „Geloof" in die „Opstanding" beteken in dieselfde sin om op te staan tot hierdie Nuwe Lewe in vryheid, geloof, liefde en verantwoordelikheid hier-en-nou.

**Dietrich Bonhoeffer** sê dat die religie „die aanvullende uitbreiding van hierdie wêreld deur God" is. Ons tyd is egter a-religieus, d.w.s. die mens het mondig geword en het afskeid geneem van „God", die Godsdiens en die Kerk, afskeid van die

metafisiese (God, die hemel en die hemelse dinge) en van die innerlike (religie, vroomheid). Die mondige mens wil 'n outonome lewe lei, los van metafisiese groothede, verantwoordelik vir alles.

Maar beteken dit nou die einde van die „Christendom"? Ja, sê Bonhoeffer, die einde van dié Christendom wat uit menslike verleentheid 'n lewe buite hierdie wêreld soek. Maar vir hierdie mondige, nie-religieuse mens het die Bybelse boodskap wel iets te sê. Indien ons die Bybel reg lees, dan sien ons dat Israel „verlos" en geroep is, nie tot 'n religie nie, maar tot aardse historiese verantwoordelikheid, tot die Ryk van Geregtigheid. En Jesus roep ook nie op tot 'n nuwe religie nie, maar tot **lewe** (hier-en-nou) in geloof (=eksistensiële beslissing). Ook die Nuwe-testamentiese woord vir Kerk en gemeente, **ekklesia,** word deur Bonhoeffer gesien, nie as die oproep tot 'n vreemde burgerskap daarginds en hiernamaals nie, maar die oproep **(kalein)** tot konkrete wêreldse verantwoordelikheid in die aardse geskiedenis vir die ryk van geregtigheid, hier-en-nou. Maar hulle wat as volk op hierdie aarde en in hierdie geskiedenis op weg is na die ryk van geregtigheid, ontmoet noodwendig die lyding. Trouens, „God" is hy wat in en aan die wêreld ly en so alleen „God" is. Jesus Christus word elke dag in die minste van sy broeders gekruisig en van hieruit is „geloof" om met God te ly en sodoende sterk, moedig en weerbaar te staan terwille van die ryk van geregtigheid. Hoe hierdie nuwe Ryk daar sal uitsien, weet ons nie. Ons weet wel dat dit nie sal wees soos die geïnstitueerde kerke nie, maar dit is soos ligflitse in die nag eksistensieël altyd dáár waar mense vir geregtigheid stry en ly. Op hierdie wyse is die mondige, nie-religieuse mens God-loser as die religieuse Kerk-mens, maar miskien daarom juis gelowiger en digter by „God".

Vanuit hierdie basis van Bultman, Tillich en Bonhoeffer word nou in verskillende rigtings verder uitgebou deur Die Nuwe Teologie. Hoewel die boeke van John A. T. Robinson (bv. Honest to God) geweldige opspraak verwek het, wil ek twee ander tipiese figure behandel wat vanuit die genoemde basis verder en wyer voortbou, nl. Gibson Winter (The New Creation as Metropolis, 1963) en Paul van Buren (The Secular Meaning of the Gospel, 1963).

**Winter** is professor aan die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Chicago en het die tipiese (tipies in die sin van wat ons hierbo gesê het oor die Social Gospel en Wêreldraad van Kerke) leeropdrag van Ethics and Society. Winter tipeer die

moderne lewe en maatskappy as 'n lewe in en van die metropolis. Maar waar is die Kerke in hierdie metropolis? Winter antwoord: In die matriargale voorstede (suburbs) waar die mens rus en geborgenheid soek van die stryd van bestaan, van die verlede en toekoms (die geskiedenis) en van hierdie stryd en van die onreg kan **vergeet**. Trouens die Kerke help juis in hierdie komplot om die mense te laat vergeet (amnesia) van hulle sosiale en politieke taak en verantwoordelikheid in die stryd om 'n mensliker samelewing in die geskiedenis, 'n stryd in dié strukture waar die geskiedenis beslis word nl. dáár waar daar teen die magte van onreg, ongelykheid, magsug, selfsug en sosiale ongeregtigheid gestry word. Soos die Establishment van Robinson sê die Kerke juis vir die mense: „Toe maar, vergeet maar, alles sal (uiteindelik) regkom".

Maar Jesus Christus was die „Servant of the Lord" en as die Kerk Christelik genoem wil word, dan moet dit 'n „servant Church" word, 'n Kerk wat oproep tot stryd om 'n mensliker samelewing, wat wegroep van taakversaking en drostery en „vergetelheid". In hierdie sin is die Kerk dan 'n kerk van die volk (leke) en dit stry sy-aan-sy met nie-christene vir dieselfde ideale. Die enigste verskil is dat vir die Christene die humaniteit in Jesus, die Messias, „the Servant of the Lord" finaal en duidelik gedefinieer is . . .

Ek glo nie dat dit nodig is om hier die strukturele verwantskap van Winter met die Marxisme aan te toon nie. Hoewel vanuit 'n simpatieke instelling, het prof. Sperna Wieland alreeds gewys op die verwantskap tussen Marx se „opium" en Winter se „amnesia". Dit is waar dat Winter se „godsdienskritiek" nie so radikaal en begrond is as dié van Marx en Lenin nie, maar die uitkoms vir die „Kerk" en Christendom is dieselfde en ook die einddoel, naamlik „'n mensliker samelewing". Verder glo ek ook dat nie net die metode van Winter se „herinterpretasie" met dié van die Social Gospel ooreenkom nie, maar ook die doel en uitslag presies klop . . . .

Die genoemde boek van **Paul van Buren** het na 1963 groot opspraak verwek. Van Buren bou op wetenskaplike en welbewuste wyse voort op Bultmann, Tillich en Bonhoeffer. Hy stel dat daar op alle lewensgebiede 'n **reduksie** plaasgevind het vanuit die wetenskap; feitlik alle kosmologiese en metafisiese groothede en bindinge het daardeur verval en daar het 'n beperking gekom, 'n beperking tot die menslike, die logiese, die empiries-historiese, die „innerweltliche" werklikhede. Die empiries-linguïstiese analise het aangetoon dat nie net die werklikheid nie, maar ook die

woord „God" in wetenskaplike denke en spreke onbruikbaar geword het. Oor „God" moet ons swyg. Trouens, ons kan nie na „die religieuse" terugkeer nie, want die moderne mens het (soos Bonhoeffer dit stel) volkome a-religieus, nie-religieus en a-ateïsties, nie-teïsties geword.

Maar Christus is 'n histories-empiriese figuur. Moderne teologie beteken (as dit wel betekenis wil hê) Christologie. Jesus sê self in Johannes 14 vers 9: „Wie My gesien het, het die Vader gesien". In Jesus Christus het ons die totale „Godsdiens", maar dan nie die Godsdiens in religieuse-metafisiese sin nie, maar „Gods"-diens in etiese sin. Jesus Christus was tipologies daar. Hy het die **„vryheid"** geleef; Hy was vry van sorg vir die hede, vry van sorg vir die toekoms, vry van die tradisie en kerk, vry vir die toekoms, vry vir die vryheid en vir sy medemens. Dit lei tot die kruis en daarom sal lyding (soos Bonhoeffer aangetoon het) 'n groot plek in die teologiese denke moet inneem. Vir van Buren is die opstanding nie 'n heils**feit** nie, maar (in die sin van Bultmann) 'n beeldspraak wat beteken dat hier 'n mens is wat „Heer" is in dié sin dat hy teenoor die hele wêreld vry is, vry vir diens. Daarom is die Bybel nie 'n boek van informasie in verband met feite en **credenda** nie, maar 'n boek waarin die apostels hulle „discernment" en „commitment" meedeel. „Discernment" is dat 'n mens skielik ontwaar: Dit is dit; en „commitment" is dat jy ontwaar: Dit is nou inderdaad dit vir my. Daarom is die Nuwe Testament 'n boek met die boodskap van vryheid wat die „geloof" van die dissipels beskryf, die geloof wat die skielike bewuswording daarvan was: Jesus het vir ons die weg van die vryheid uitgestip . . . Laat ons hierdie vryheid in hierdie wêreld en vir hierdie wêreld op ons neem en sodoende met groot historiese verantwoordelikheid op weg gaan na 'n beter toekoms vir die wêreld en die mensheid.

---

Hier het ons dan weer die duidelike raakvlak met die Social Gospel. Daarom kan Amos Wilder sê: As daar genade te vinde is, dan moet dit in hierdie wêreld gevind word en nêrens anders **(overhead)** nie; daarom kan Bonhoeffer stel: Geloof is vir-anderdaar-wees, en kan Bultmann en van Buren aanvoer: Die vryheid wat Jesus geleef het, het in die „commitment" oorgegaan op sy dissipels in sy „spiritual presence" (Hierdie „spiritual presence" is hulle leer aangaande die Heilige Gees); daarom is geloof „political engagement" of soos Maury beweer: „Politics is the language of evangelism", terwyl Cox stel: Wie geloof sê, sê

politiek, dit wil sê stryd vir die polis, vir 'n waarlik-menslike samelewing en stryd teen vooroordele, haat, ideologieë, „Wille zur Macht", gevestigde magsposisies en „the Establishment" (=Kerk —Robinson). As die Kerk dit nie besef en doen nie, is die Christendom 'n afgedane saak. Die Christendom kan alleen vandag bestaan en bly voortbestaan as dit stry vir die ryk van geregtigheid en vrede (sjalom) hier op aarde. Maar op hierdie wyse is geloof geen nuwe wêreldbeskouing wat ons die wêreld laat oorsien en alle vrae laat beantwoord nie. Die moderne „gelowige" weet nie meer as wat hy voorheen geweet het nie, maar in die eksistensiële ontmoeting van die **kerugma** (Bultmann) het hy in die donker 'n lig gesien en miskien 'n pad en het hy **the courage to be** (Tillich) ontvang en die moed om „nach zu folgen" (Bonhoeffer).

V. **Enkele Kritiese Opmerkings.**

1. In die voorafgaande het ons baie sketsmatig iets oor die hedendaagse teologie gestel. Veral wat die Nuwe Teologie betref was ons uiteensetting baie beknop en verwys ons weereens na die genoemde boek van Sperna Weiland. In die genoemde artikel oor „Christendom teen Kommunisme" het ons sekere kritiekpunte op die Marxisme-Leninisme en „Social Gospel" genoem en uitvoeriger uiteengesit. Daarom beperk ons ons hier tot enkele opmerkings oor Die Nuwe Teologie. En nou is die eerste vraag wat na vore tree, dié vraag of die ortodokse Christendom in sy belydenis en verkondiging nie alreeds baie van die momente wat Die Nuwe Teologie as „nuwe wyn" aanbied, verdiskonteer het nie, maar dit dan gedoen het sonder om (soos die Nuwe Teologie doen) die essensiële heilsfeite van die Bybel omver te gooi. Laat ons as voorbeeld noem Die Nuwe Teologie se visie van „geloof". Is dit waar wat Die Nuwe Teologie sê dat binne die protestantisme die geloof nou werklik die vir-waar-hou is van 'n sekere kwantum **credenda?** Is dit nie veeleer so dat alles (en nog veel meer as) wat Die Nuwe Teologie onder „discernment", „commitment", „engagement", „eksistensiële beslissing" e.s.m. verstaan, alreeds ingesluit is in die lewensbelangrike beslissing „met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou kragte" wat die Protestantisme „geloof" noem nie? Is dit nie só, dat wie noukeurig en met wetenskaplike ywer na die Heidelbergse Kategismus luister elke keer 'n eksistensiële waarheid van beslissende lewensbelang raakloop waarby 'n mens nie net getroos,

gelukkig en sinvol kan leef nie, maar ook kan sterf? en dit dan op 'n wyse waarop nie één van die heilsfeite in die minste verloën word nie? Wie maar net die moeite wil doen om die Kirchliche Dogmatik van Barth te lees, sal gou ontdek dat nie een van die sg. eksistensiële motiewe nie daar ter sprake kom nie, en ook Barth doen dit sonder om enigsins twyfel te laat oor die werklikheid van die heilsfeite en heilswonders. Dit is maklik om Barth af te maak met die etiket van restorasie-teoloog; dit is baie moeiliker om die moeisame weg te volg om Barth met ywer en wetenskaplike noukeurigheid te bestudeer. En wat van die studie in verband met Barth geld, geld eintlik van die hele reformatoriese linie — dit is maklik om te sê: The New reformation, dit is moeiliker om langs wetenskaplik-verantwoorde weg die Reformasie en Reformatoriese teologie ter sprake te bring.

2. In Die Nuwe Teologie word op so 'n maklike wyse gestel dat deur die proses van reduksie die wêreld ingekrimp het tot die dimensies van die empiriese en logiese van hierdie aarde. Die konklusie is ewe maklik: Dus God en die geloof in Hom as Skepper, Onderhouer en Voleinder van alles, bestaan nie, het verval saam met die uittog van „die metafisiese", „die mitologiese" e.s.m. Die vraag is net: Is in die egte Protestantse teologie God ooit as „die Metafisiese" gesien en is die „geloof" ooit só opgevat dat namate die Wetenskap en filosofie uitbrei die terrein van die geloof al kleiner en kleiner word en uiteindelik verdwyn. Die Marxisme en Nuwe Teologie beweer dit wel, maar dit kos geen diep studie van die begrip (of liewer werklikheid) van die geloof in die Protestantisme om te sien dat die geloof **sui generis** is en die geloof nié krimp namate die metafisiese krimp en die empiriese en logiese van die wetenskap terrein wen nie. Dit is wel waar dat sekere filosowe o.g.v. Wittgenstein se **Tractatus logico-philosophicus** die teologiese uitsprake as „nonsens" kwalifiseer, maar wie bv. Ramsey se analise van die religieuse taal o.g.v. Wittgenstein se **Philosophische Untersuchungen** noukeurig lees, sien dat daar ook sinnesamehange in die taal gegee is wat nie bloot op die empiries-logiese rus nie en dié ontdek gou dat ook die religieuse taal en wêreld „sinvol" kan wees.

3. Dit is nie ons bedoeling om hier 'n volledige kritiek op Die Nuwe Teologie te gee nie. Ons sluit hier af deur

slegs te stel dat in so 'n kritiek die vernaamste momente ons insiens sal moet behels die beklemtoning van die **werklike** karakter van die geloof en ook die beklemtoning van die realiteit nie net van die geloofsakte nie, maar ook van die inhoud van die geloof bv. die werklikheid van God en die realiteit van die heils**feite.** Dit is wel waar dat die Evangeliese berigte nie bloot feite is nie, maar ineengestrengel is met die **kerugma,** maar dit is ewe waar dat wie die heils**feite** van die **kerugma** losmaak, later net sy eie stem hoor. In hierdie monoloog verval nie net die uniekheid van die christelike openbaring en geloof nie, maar verval ook die werklikheid waarom dit in die Christendom eintlik gaan. Dan sal dit blyk dat die Christendom wat Die Nuwe Teologie wil red eintlik 'n skim is en geen iets wat werklike waarde het nie.